Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 7, Nr 1, 1977. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

# Boekbesprekings / Book Reviews

## Roy Macnab: THE FRENCH COLONEL VILLEBOIS-MAREUIL AND THE BOERS 1899-1900

Oxford University Press, Suid-Afrika.

Dit word aanvaar dat 'n biografie moeilik is om te skrywe. Die skrywer van 'n biografie moet sy stof so objektief benader dat die persoon waaroor geskrywe word, nie as 'n bo-natuurlike mens voorgestel word nie. Verder moet die skrywer se navorsingswerk deeglik wees om sodoende sy onderwerp binne die regte historiese milieu te plaas en ten slotte moet die skrywer oor 'n bo-gemiddelde skryfvermoë beskik anders loop sy werk gevaar om bloot 'n opeenhoping van historiese feite te word.

Aan hierdie vereistes voldoen Roy Macnab se boek oor Villebois-Mareuil. Die verhaal lees soos 'n storieboek. Die gemaklike Engels waarin Macnab skrywe, dra waarskynlik heelwat by tot die leesbaarheid daarvan. Nooit word die historiese feite bloot vir die vloei van de verhaal verkrag nie.

Villebois-Mareuil se lewe as professionele soldaat het iets van die 'tragiese held' in. Hy kom na Suid-Afrika om die Engelse te beveg, kry nooit 'n werklike geleentheid om sy talent tentoon te stel nie, word gedood en word met volle militêre eerbewys deur die Engelse begrawe.

As professionele soldaat, wat dissipline en moreel as voorvereiste vir militêre sukses stel, ontstel die metodes van die Suid-Afrikaanse burgerlike soldaat hom:

'... the boers themselves, he thought, ought to have justified his military philosophy. They certainly possessed 'la force morale', stemming from an ardent belief in their cause; that they so infrequently provided the practical proof of his theories was just another of those imponderables that were to make the Boers such an enigma to him.' (p 37).

Villebois-Mareuil het die oorlog in Suid-Afrika aangegryp as 'n terrein om sy teorieë oor oorlogvoerng prakties te kom toets. Die Boere se militêre organisasie het hom verstom en dit is miskien die groot waarde van hierdie boek: Boerehelde word in perspektief gestel en die swakhede van die stelsel word ontbloot. Die onwilligheid om verantwoordelikheid te aanvaar, swak dissipline en strategie is vir Villebois-Mareuil 'n voortdurende frustrasie.

Die Dagboek wat Villebois-Mareuil in Suid-Afrika bygehou het, vorm die sentrale dokument van hierdie boek. Hoewel dit in die Staatsargief, Pretoria, vir navorsers beskkbaar is, is dit in Frans geskrywe en dus vir min Suid-Afrikaners as bron toeganklik. Ook in hierdie opsig is Macnab se boek n' waardevolle bydrae tot de Suid-Afrkaanse militêre geskiedenis.

Omdat die beginsels van oorlogvoering deur die eeue gefundeerd is en hierdie boek deurspek is met Villebois-Mareuil se filosofieë van oorlogvoering, is dit belangrik dat militêre studente die boek moet lees. Enkele aanhalings sal hierdie bewering bewys:

'... the importance of the human contact between officers and men which provided an army with a morale that could be invincible.' (p 28).

Verder:

'... the "force morale" of an army was even more important in winning success than the arms themselves.' (p 36).

Die boek is goed gedokumenteer, keurig versorg en behoort deur elke ernstige militaris en liefhebber van Suid-Afrikaanse geskiedenis gelees te word.

W. Otto.

---

## Denis Richards and Hilary St George Saunders: ROYAL AIR FORCE 1939-1945

**Volume 1: The Fight at Odds,** by Denis Richards, Her Majesty's Stationery Office, London, 1974, pp xii 430.

**Volume 2: The Fight Avails,** by Denis Richards and Hilary St George Saunders. Her Majesty's Stationery Office, London, 1975, pp x, 415.

**Volume 3: The Fight is Won,** by Hilary St George Saunders. Her Majesty's Stationery Office, London, 1975, pp x, 441.

Price Soft Cover £2, per volume.

This three volume official history of the Royal Air Force in World War II was first published